

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 25

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

ONS VOLGENDE GESPREKSRONDE

Ons het lanklaas by u deur aangeklop. Miskien het u al begin dink dat ons weggegaan het en dat ons bande met u verbreek het.

Nee, dit het so gekom: ons moes wag vir die Sinode se besluit of ons kan voortgaan met *Quo Vadis?* of nie? U weet tog dat ons met u gesels op gesag van die Sinode van die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika. Ons kan dié goeie nuus meedeel dat die Sinode met vreugde en met 'n oop hart en hand sommer baie geld gestem het om ons gesprekke verder moontlik te maak. Hierdie groot vergadering van die kerk is bekommerd oor die skare Afrikaners wat wegdraai van die pad van die Bybel en in hierdie offerdaad om *Quo Vadis?* moontlik te maak moet u ook die liefde van die kerk van die Here sien.

Nou kan ons met die volgende gesprekke begin:

- Ons wil met u 'n ware gesprek voer en nie sommer so 'n terloopse wisseling van gedagtes nie. In só 'n egte gesprek is daar verskillende dinge wat ons ook van voorneme is om te doen, byvoorbeeld:
- Ons wil luister, want 'n mens kan nie net van eenkant gesels nie. Ons wil luister na al u probleme, al u weerstande, al die struikelblokke wat u weg na die Here en na sy Kerk versper. Ons wil luister na u stryd en teleurstelling, u twyfel en bekommernisse. Daarom moet u vir ons skrywe en die hart leeg praat.
- Ons wil u probeer begryp. Ons wil simpatiek luister en ons hart uit liefde vir u oopstel. Ons wil u antwoord. Die antwoord neem baie gestaltes aan. Miskien moet ons u eers wys op die agtergrond van u probleem. Dit mag nodig wees om eers misverstande uit die weg te ruim en u dan te onderrig in sekere waarhede. Dit kan ook gebeur dat ons u moet vermaan en baie hard met u praat. Ons wil u egter verseker dat elke antwoord gedra sal word deur Bybelantwoorde op ons vrae.
- Die doel van ons gesprek is om u uit te nooi na die wonderlike wêreld van die koninkryk van God. Om u stap vir stap te lei en aan u die geopende deure te wys. Ons wil u bring na die oorwinningslewe deur die geloof.
- Nou wil ons u 'n geheim vertel. Om vanuit die duisternis oor te loop na die lig is nie u of ons prestasie nie. Dit is die Here wat die wil en oortuiging en die deurbraak in ons lewe bring. Eén van die metodes waardeur Hy dit doen, is deur middel van die gesprek uit die Woord wat een mens met die ander voer. In ons gesprekke is daar dus die Derde persoon teenwoordig en dit is asof Hy deur ons met u praat. Só lê ons volgende gespreksronde ook 'n besondere verantwoordelikheid op u, want u is in Hoë geselskap.

Ons luister — u moet praat.

Ons sal praat — u moet luister.

W. J. de Klerk

Christus, Profeet

Christus, die Profeet, is die sprekende Christus. Die inhoud van sy spreke is om ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle te openbaar. Sy prediking was met gesag, want Hy het gespreek uit inherente krag en outoriteit. Tog was sy woorde gekenmerk deur eenvoud en gedra deur innerlike ontferming. Hy het die evangelie verkondig — die boodskap van verlossing en oordeel. Hierdie boodskap het saamgetrek op die kruis en opstanding waardeur die verlossing 'n werklikheid in hierdie lewe word en in die ewige lewe voortgesit word.

Christus, Priester

Christus, die Priester, is die lydende Christus. Hy was tegelyk die Offeraar en die Offerlam. Golgota was die groot offeraltaar waar Hy deur sy lyde en sterwe die skuld betaal en die sondes versoen het. Hy het kom woon in die ontglansde menslike natuur en benouing van die menslike vlees.

Sy lyding was sy woonplek — die hemelse heiligheid moes hy verlaat vir die brutale wanklanke en walm van die sonde-atmosfeer.

Sy lyding was sy aktiewe oornam van die toorn van God teen die sonde van die ganse menslike geslag.

Sy lyding was sy eensaamheid. Die skrikwekkende ritme van verlatenheid in nouerwordende sirkels was sy deel.

Sy lyding was sy bespotting by die regbank en soldate, by die volk en die Fariseërs.

Só het dié Priester gesterwe met die vloek op sy skouers. Die Hoëpriester van versoening wat vir ons lewe in die hemele, want daar is Hy die Priester-voorbiddar wat intree as ons lippe te dor geword het om te spreek — wat bid as die satan sy nette vir ons span — wat ons gebede opvang en dit soos wierook voor die Vader laat opstyg.

Christus, Koning

Christus, die Koning, is die strydende, bewarende en oorwinnende Christus wat Satan neerwerp en deur sy woord en Gees sy Koninkryk bevestig.

In die opstanding is Hy die Lewensvors. In die Hemelvaart is die troon bestyg. In die Gees is sy teenwoordigheid al die dae van ons lewe vir ons verseker en by sy wederkoms sal ons Hom weer vind as die Profeet wat aan ons die finale oorwinning kom aankondig — as die Priester, wat met innige tederheid ons binnelei soos die herder sy skape na die waters van rus — as die Koning wat die Regterstoel bestyg om die oordeel uit te spreek en die oordeel aan die onheilige bondgenootskap van Satan en ongelowige te voltrek.

Ek glo in Jesus Christus, Seun van God, gebore in Bethlehem waar Hy ook waaragtig mens geword het.

Hy is jou enigste Deur na die saligheid!

Jesus

en jou begrafnis

Jesus en jou begrafnis... Jy weet net so goed soos ek dat daardie dag vroeër of later gaan aanbreek. Die uur sal kom dat jy jou laaste asem sal uitblaas. Wat die oorsaak sal wees — 'n motorongeluk, kanker, trombose of iets anders — dit weet jy nou nie. Dat dit sal kom, is seker. Alle paaie loop nie werklik na Rome nie, maar wel met dodelike sekerheid na die dood.

Dan volg jou begrafnis. Hulle sal jou in 'n kis plaas. Daar sal mense wees wat treur oor jou heengaan. Moontlik sal 'n troosrede in een of ander kerk vir jou familie gebou word. Hulle sal dan na die graf gaan. Miskien sal daar iemand wees wat vertel dat jy 'n baie goeie man of vrou was. Dan sak die kis... en is jy onder die mense net ... 'n herinnering.

Dan is alles verby. Verby? So dink baie mense, maar hulle maak 'n fout, want die dood is nie 'n **punt** nie, maar net 'n **komma**.

Meer as twintig eeue gelede het daar iets plaasgevind wat ook van kardinale betekenis vir jou dood en begrafnis is. Jy het seker al van die groot gebeurtenis gehoor — dat Jesus Christus deur mense doodgemaak en daarna begrawe is, maar op die derde dag het Hy opgestaan uit die dode. Dit is hierdie unieke gebeurtenis wat elke Paasfees herdenk word.

Dit het nog nooit voorheen gebeur dat 'n persoon wat werklik dood was, uit eie krag lewendig geword het nie. As iemand dood en begrawe is, het almal besef dat dit, wat sy aardse lewe betref, vir goed verby is. Van ander plekke af kan 'n mens nog moontlik terugkeer, maar nie as jy deur die kloue van die dood vasgegryp is nie. En tog het Jesus Christus uit eie krag uit die dood opgestaan en daarmee het Hy die dood oorwin. Hy het hierdie vreeslike koning van verskrikking se mag gebreek en wel op so 'n wyse dat die dood eenmaal alle mense wat hy genadeloos weggeruk het, sal moet loslaat.

Daar kom 'n dag dat alle mense sal opstaan uit die dode as vrug van Christus se oorwinning op die dood . . . ook jy! Daardie graf waarvan ons netnou gespreek het waarin jy begrawe sal word, sal weer oopgaan en jy sal herleef, maar hoe sal dit met jou **daarna** gaan?

Hoe dit dan met jou sal gaan, sal daarvan afhang wat dieselfde Jesus Christus, wat die dood oorwin het, vir jou hier op aarde was. As jy in Hom glo as jou Redder en Saligmaker, jou Here en Heiland en Hom dien met jou hele hart, dan wag daar vir jou 'n onuitspreeklike, ewige heerlikheid wat Christus-self deur sy bittere lyde en sterwe aan die kruis vir jou verwerf het. As jy nie in Hom glo nie, wag daar vir jou 'n ewige, onuitspreeklike smart. Dan sou dit vir jou beter wees as jy nooit uit die dode opgewek was nie.

Jou begrafnis... 'n droewige gebeurtenis. Dit bring smart in die hart., maar as die lewe vir jou Christus is, dan sal die lig van Jesus Christus ook oor jou begrafnis val. Dan sal jou begrafnis ook 'n profesie wees. Dit sal verkondig dat daardie selfde graf van jou eenmaal ooggemaak sal word, sodat jy 'n ewige saligheid tegemoet kan gaan. Daarom kan jy ook met jou geloof in Christus die graf sonder vrees tegemoet gaan. Jy kan nou al weet dat jou familie by jou dood wel bedroef, maar nie troosteloos sal wees nie, want hulle sal weet dat die dood vir jou maar net 'n deurgang is na die ewige lewe.

As jy sonder Christus lewe en dus ook sonder Christus moet sterf en begrawe word, dan gaan jy jou dood tegemoet sonder hoop. Jou familie sal op jou graf ook treur sonder hoop. Alles sal duisternis wees — 'n voorspel tot die ewige buitenste duisternis.

Jesus en jou begrafnis.

Onthou wat ek gesê het: wat Jesus by jou dood en begrafnis vir jou sal beteken, sal afhang van wat Hy nou in jou lewe vir jou is. Moet daarom nie wag tot dit te laat is nie, maar soek Hom nou terwyl die Here jou die geleentheid bied met jou hele hart. Dan kan jy ook nou al van jou eie dood sing:

Maar ná die dood, dan rys die dag vir my.

God sal my red, Hy koop my siel dan vry.

Hy, die oorwinnaar in die laaste stryd.

Neem my dan op in ewige heerlikheid.

P.J. de Bruyn

Die geloofsbewys...

die dinge wat ons nie sien nie

Ons handel hier oor die wese van die geloof. Ons weet dat ons sonder geloof nie salig word nie, maar dat selfs die geloof 'n gawe uit die hand van die Here is.

Dit is ook nodig dat ons weet hoe die “**ware geloof**” daar uitsien. Daar is in die wêreld baie nagmaakte dinge en die duiwel is by uitnemendheid 'n na-aper. Daar is vir hom geen groter vreugde as om sy duisende dissipels te aanskou wat in die kerk en in die wêreld pronk met 'n nagmaakte geloof nie. Aan die ander kant kan hy ook vele ware gelowiges martel in die stryd van twyfel en onsekerheid oor die egtheid van hulle geloof. Daarom is dit noodsaaklik dat u weet wat dit beteken om te glo.

Wat is ware geloof?

In die algemeen stel ons voorop dat geloof die hele mens in beslag neem. Met hart, verstand en hand staan ek in diens van God. Ek glo dus met alles wat ek het of dink of doen en of daar gevoelens van blydschap of droefheid in my hart opwel, dat dit alles geskied in die geloof. Die geloof is immers die wortel van my bestaan — daarom het die ware geloof alles te sê: of ek eet of drink; of ek slaap of werk, altyd lewe ek uit die geloof. Dan is my lewensvraag: "Here, wat wil U hê moet ek doen?"

Om die begrip van naderby te bekyk, wil ons aansluit by twee elemente wat die wese van die geloof aanbetref: Die geloof is 'n vaste vertroue en die geloof is 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.

Die geloof is 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.

Die wetenskap soek bewyse. Daar was 'n tyd toe die wetenskap baie nadruklik alles verwerp het wat onbewysbaar is. Hoe arm was die wetenskap toe nie, want daar is soveel dinge wat met ons sintuie onbewysbaar is. In werklikheid weet elke mens eintlik maar wat hy glo. Dit is nie: sien is glo nie, maar glo is sien. Glo in God en jy sien sy hand in die skepping en onderhouding van alle dinge. Glo in God en jy hoor hoe die ganse skepping sing tot sy eer — **glo is dus om te weet.**

En wat weet ons deur die geloof. Ons weet dat alles wat God in sy Woord geopenbaar het waar is en wat 'n rykdom van kennis is dit nie. Ons neem God op sy woord. Dit is waar en waaragtig — **die geloof is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop.**

Ek glo, Here, daarom verlaat ek my op U. Ek weet U spreek ook tot my deur u Woord. U verkondig ook aan my 'n genade in Christus. Ook ek is in u hand in lewe en in sterwe.

Die gelowige vertrou op die Here; hy neem die Here op sy Woord; hy weet dat ook hy deel het aan die versoening in Christus.

Die stryd van die geloof

Sonder stryd kan geloof nie bestaan nie. Stryd is 'n deel van die wese van geloof. Ons weet dat geloof ook inhou dat ons rus vir ons siel het — rus en vrede met God. My Vader het my hand gevat en Hy laat my nie weer los nie. In beginsel is ek oorwinnaar. Selfs in die aangesig van die dood het ek die troosvolle sekerheid dat selfs die dood my nie van die liefde in Christus kan skei nie.

Aan die ander kant is ek nog in die wêreld en my doodsvyande is lewendig en magtig. Ons

groot teëstander, die duiwel, is in dodelike stryd gewikkel met elkeen wat die Here vrees. Wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na hulle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het." (Openbaring 12:12).

Daarom word ons in die Heilige Skrif met so 'n dringende erns opgeroep tot die stryd. "Stry hard om in te gaan deur die nou poort..." "Stry die goeie stryd van die geloof ..." "Ek het die goeie stryd gestry..." Het u vrede met God, dan lewe u in 'n dodelike stryd met u vyande: u eie sondige vlees, die sondige wêreld en die duiwel.

Stry teen u eie sondige vlees

Om homself te handhaaf, is diep in die hart van die mens gewortel. 'n Mens verloor nie graag nie. Orals in die wêreld is daar die stryd om selfhandhawing.

Die gelowiges stry ook egter nie om selfhandhawing nie, maar om selfoorwinning en dit kos harde inspanning. Ken u waarlik die weg van selfverloëning. Dit is 'n harde en noodsaaklike stryd. Dit kom daarop neer dat 'n mens jou eie begeertes en verlangens moet doodmaak as dit in stryd is met die wil en die eer van die Here. Wie is daar wat nie soms geneig is om die gedagtes op duistere weë te laat loop nie? Wie kan altyd sy drifte en drange beteuel? Ons sou verseker in die stryd beswyk, indien die Here ons nie vashou nie.

Stry teen die sondige wêreld

Die gelowige kan nie uit die wêreld wegvlug nie. Die Roomse Kerk meen dat 'n mens uit die wêreld uitgesluit is as hy hom as 'n kluisenaar terugtrek in die eensaamheid, of soos die monnike en nonne in afgesonderde kloosters gaan woon. Dit is onmoontlik, want ons bly maar in die wêreld. Nee, ons glo nie aan wêreldontvlugting nie, maar aan wêreldheiligheid.

Die gelowige lewe in die wêreld, maar hy is anders as die wêreldling: in sy ganse optrede en verskyning, bv. in sy kleredrag en plesier. Altyd openbaar hy dat hy nie van hierdie wêreld is nie en dit kos stryd!

Daarby kom nog die stryd om die eer van die Here op elke terrein van die lewe te handhaaf. Oral is Christus Koning en sy soldate moet stry om die vestiging en handhawing van sy Koningskap.

Stry teen die duiwel


Vir hom, die brullende leeu, moet ons vlug. Vlug weg van die plekke van versoeking. Hy is altyd daarop uit om te verslind. Vlug vir hom!

M. J. Booyens

GOLGOTA!

WAT ANTWOORD JY OP

GOLGOTA?



Golgota —

heuvel waar Jesus gekruisig is,

- die Heilige bespot en beledig is,
- die Onskuldige smarte van die hel gely het,
- die Regverdige soos 'n misdadiger behandel is,
- die Eniggebore Seun van die lewende God doodgemartel is.

Dis Golgota.

Nêrens op aarde is daar meer **gely** nie.

Nêrens op aarde is daar swaarder **gesondig** nie.

Nêrens op aarde is daar groter **haat** geopenbaar nie.

Nêrens op aarde is inniger **liefde** betoon nie.

Toe die soldate die spykers deur die hande van Jesus gekap het, het Hy vir hulle gebid: Vader vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.

Toe hulle Hom 'n verdowingsmiddel aangebied het om sy pyn te versag, het Hy dit geweier.

Toe Hy gevoel het sy kragte verlaat Hom en Hy dreig om in 'n newel van bewusteloosheid te versink, het Hy iets gevra om Hom te lawe, sodat Hy by sy volle bewussyn die pyn kon dra tot aan die einde.

Dit is die stem van Golgota.

Golgota het 'n stem

Die stem van Jesus se bloed.

Die stem van Jesus se liefde. Die taal van Golgota is 'n baie intieme, persoonlike taal. Dit praat met elkeen van ons persoonlik.

Die feit dat dit tweeduisend jaar gelede plaasgevind het, doen geen afbreek aan die krag van hierdie stem nie. Dit kon selfs gisteroggend of vanoggend plaasgevind het. Die feit dat Golgota duisende myle hiervandaan geleë is, verminder ook nie die betekenis daarvan nie. Dit kon selfs 'n heuweltjie buite ons eie stad of dorp gewees het.

Golgota praat met my.

Golgota praat met u.

Die stem van Jesus se bloed, wat soos die bloed van Abel, van die aarde af na God toe geroep het... die stem van Jesus se bloed roep ook vandag tot ons.

Wat wil hierdie stem vir ons sê?

Vanaf Golgota sê God vir jou en vir my: **So lief het Ek die wêreld gehad dat Ek my eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.**

As God praat, verwag Hy dat ons daarop sal antwoord.
Van die stem van Golgota kan ons dus nie wegkom nie.
Ons kan nie maak asof ons die stem nie gehoor het nie.
Golgota is 'n historiese feit.

Wie op die stem van Golgota nie wil antwoord nie, sal hom teen Golgota te pletter loop.

Op die stem van Golgota is daar net twee moontlike antwoorde. 'n Mens moet óf die kruisiging van Jesus goedkeur en saam met die Joodse owerhede en Romeinse soldate hierdie lasteraar en valse profeet en verleier, Jesus van Nasaret, uit die weg help ruim, of jy moet jou hele saligheid en die ewige lewe net van Hom verwag.

Vir diegene wat saam met die Jode en die Romeinse stem, gaan ek nie help om 'n antwoord op die stem van Golgota te formuleer nie — die duiwel sal hulle in elk geval help. Vir almal wat hul heil en verlossing van Jesus verwag, is die volgende die regte antwoord op die stem van Golgota:

- 1) Here Jesus, ek bely dat dit my skuld is dat U op Golgota gekruisig moes word. Ek het berou oor my sonde.
- 2) Here God, vergewe my al my skulde ter wille van die bloed van Jesus.
- 3) Ek wil myself voortaan heeltemal aan Jesus, my enigste Saligmaker oorgee. Help my, Vader, om U met my hele hart, my hele siel, my hele verstand en al my krag lief te hê en te dien. Gee my deur u Heilige Gees en u Woord die lus en die wysheid en die krag om hierin te volhard tot die einde van my lewe.

Dis my antwoord op U roepstem vanaf Golgota.

Wat is u antwoord?

P.W.B.



BYBELROOSTER

In hierdie artikel wil ons God se Woord direk laat spreek in u lewe. Ons gee geen datums aan nie, maar vra van u dat u elke dag *één gedeelte* lees. 'n Kerngedagte van elke gedeelte skrywe ons ook vir u neer.

1. Josua 24:13-24Ons moet die moed hê om te kies.
2. 1 Konings 18:17-21Die noodsaaklikheid van die keuse.
3. Lukas 9:57-62Een woord: kies!
4. Hebreërs 3:12-4:2.....Die aandringing op die keuse.
5. Romeine 10:9-21Kerkbesoek is noodsaaklik.
6. 2 Timotheüs 3:10-17Bybellees is noodsaaklik.
7. Matteus 6:5-13Gebed is noodsaaklik.
8. Psalm 51Sondeberou is noodsaaklik.
9. Matteus 16:24-28Selfverloëning is noodsaaklik.
10. Jesaja 55:1-7Die Here roep jou uitwendig.
11. 1 Petrus 2:1-10Nog steeds die uitnodiging.
12. Galasiërs 5:16-26Wat die geloof aan jou gee.
13. Johannes 8:1-11By Hom is vergewing!
14. Johannes 10:1-21Jy kan ook deel in dié verhouding.
15. Johannes 14:1-17Hy is dié weg.
16. Matteus 11:25-30Is dit swaar om Jesus te dien?
17. Kolossense 3:1-17.Dit is nou jou opdrag.
18. Matteus 19:16-21Wat moet jy gaan verkoop om na Jesus te kom?
19. Lukas 15:11-32Kom terug; vers 20 vertel jou wat die vader met jou sal maak as jy terugkom.
20. Handeling 16:22-32Hy wat in Christus glo, word gered.

Lees nou die res van die maand die boek Jakobus.

Skryf gerus as daar 'n skrifgedeelte is wat u nie verstaan nie.

VYF DINGE WAARVOOR JY BANG IS

1. Jy is bang vir God

Daar is 'n groot afstand tussen Hom en jou en jou gewete kan by tye jou in die hoek vaskeer met dié gedagte dat die ontmoeting met God sal kom en dat die ontmaskering dan sal plaasvind. Die uur van verantwoording sal kom en hierdie feit maak jou bang, want deur jou opvoeding bly die herinnering aan God nog altyd 'n werklikheid in jou lewe.

2. Jy is bang vir die verlatenheid

Dit is so 'n troostelose gedagte om alleen te wees. Die dag as alles en almal jou verlaat en jy oud en afgeleef langs die pad moet gaan lê terwyl die volle stroom van die lewe by jou verbygaan.

3. Jy is bang vir die skuldgevoel

Die knaende selfverwyt dat jy jou eie lewe en ander se lewens verknoei het.

4. Jy is bang vir die lewe

Die onvoorspelbare lewe wat om die volgende draai jou drome inmekaar kan laat stort. Die toekoms wat jy nie kon nie . . . die skielike wending van alles wat nou vir jou gunstig is.

5. Jy is bang vir die dood

Dit is vir jou die toppunt van verydeling — die onbekende sprong.

WAT IS ONS ANTWOORD HIEROP?

Die geloof verlos my van die vyf vrese, want alleen deur die geloof kan ek sê ...

"Dat ek met liggaam en siel, in lewe en in sterwe nie aan myself nie, maar aan my getroue Saligmaker Jesus Christus toebehoort, wat met sy dierbare bloed vir al my sondes ten volle betaal en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos het, en my so bewaar dat sonder die wil van my hemelse Vader geen haar van my hoof kan val nie, ja ook dat alles tot my saligheid moet dien; daarom verseker Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om verder vir Hom te Lewe."

Verlos van die vrees vir God, want deur die geloof is God die ontfermende, verlossende Here.

Verlos van die vrees vir die verlatenheid, want deur die geloof vind ons gemeenskap, omgang en gesprek met die altyd teenwoordige Here.

Verlos van die vrees vir die skuld, want deur die geloof is daar betaling, bedekking en bevryding.

Verlos van die vrees vir die onberekenbare lewe, want deur die geloof is daar die wete van die bewaring en beplanning van my lewe in 'n groot onherbergsame wêreld.

Verlos van die vrees vir die dood, want deur die geloof is ons erfgename van die ewige lewe.

Vrees of geloof — dit is die vraag.

W. J. de Klerk